




# HIERDIE WEEK GAAN ONS:



Elke aand saam Bybel lees



Iemand kontak wat ons weet alleen of siek is




Saam aan tafel eet



Deel hoe ons regtig voel en waaraan ons dink



Sondagoggend se erediens saam kyk



Saam iets buite doen (stap, braai, draf)



Die Huisgeloof aktiwiteit doen



Hoe voel ons die week?





22 - 28 NOVEMBER 2020

# Huisgeloof

ONS WIL JOU NOOI OM BY DIE HUIS EN IN KLEINGROEPE VERDER OOR VANOGGEND SE TEMA TE GESELS. ALLE OUDERDOMME GESELS SAAM OOR DIE WEEK SE TEKS EN TEMA. DRUK DIE GESPREKSBLAD UIT EN PLAK DIT OP WAAR JULLE EET. BESPREEK ELKE AAND EEN OF AL DIE VRAE EN BID GEREELD SAAM.

## TEKSGEDEELTES VIR DIE WEEK:

**Fokusteks: Hebreërs 10:11-25**

**Ander tekste: 1 Johannes 5:14-15**



## DINK SAAM

Wie is die mense in jou lewe met wie jy oor alles kan gesels en waar jy vrymoedigheid het om enige tyd na hulle toe te gaan? Is jou verhouding met God so dat jy met vrymoedigheid na Hom toe kan gaan of is dit vir jou uitdagend?



## SOEK SAAM

Gaan soek in die Ou Testament na tekste wat praat oor die offerstelsel. Vergelyk dit met Hebreërs 10. Hoe belangrik is die finale offer wat Jesus aan die kruis gebring het? Wat het hy daardeur moontlik gemaak?



## DROOM SAAM

Ek wonder...  
...wat beteken "vrye toegang" of "vrymoedigheid" presies?  
...hoe het Jesus Christus dit vir ons kom moontlik maak, volgens die teks?  
...hoe moet ons hierdie "vrye toegang" of "vrymoedigheid" gebruik?  
...watter troos is daar vir jou in hierdie teksgedeelte?



## DOEN SAAM

Ds Wouter het verlede week die Saaityd-projek bekendgestel. Dit is 'n geleentheid waar ons as geloofs familie kan saai in ons gemeente en gemeenskap. Daag mekaar uit om soveel sakkies soos wat julle gesin voel julle kan vol maak, terug te bring kerk toe. As jy nie in die erediens was nie, kom haal 'n sakkie by die kerkkantoor of hou ons media dop om te kyk wat jy kan saai. Hoe help hierdie week se teks jou om by hierdie projek betrokke te wees? Kyk veral by v22-25.



## BID SAAM

Here Jesus, dankie dat u vir ons die deur na God se teenwoordigheid oopgemaak het. Dankie dat ons met vrymoedigheid na u toe kan kom met elke gebeurtenis, emosie, gedagte, ens in ons lewens. Dankie dat u die finale offer vir ons gebring het en dat ons mekaar kan aanspoor in liefde en goeie dae. Amen

